ELZETTE MINNAAR TOERE

Posbus 54107
Ninapark
0156
info@minnaartoere.co.za

Tel 012 546 0770
Tel 012 565 4883
Sel 082 761 7115
Faks 086 628 6146

www.minnaartoere.co.za

TUINROETE BUSTOER
5 – 14 SEPT 2020



'n Wonderlike toer na een van die **mooiste dele van ons land**. Dit word nie verniet die **Tuinroete** genoem nie. Die groen van al die welige plantegroei en die blou van die oseaan! Prentjiemooi! Wanneer laas was u daar? Bederf uself met hierdie Toer wat propvol hoogtepunte is!

SA 5 SEPT
Ons vertrek om 06:00 vanaf die Garden Court Hotel, h/v Pretorius- en Endstrate en reis met die N1 na Kroonstad, Bloemfontein tot by Colesberg waar ons oornag. **Aandete en oornag Colesberg.**

SO 6 SEPT
Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons in die rigting van Hanover, Richmond en Beaufortwes tot by Prins Albertweg waar ons wegdraai na **Prince Albert.** Ons besoek die **Fransie Pienaar museum** asook **Soet Karoo** met, die **kleinste wingerd** in die omgewing, waar ons proe en heerlike **desertwyn** koop! Verder reis ons deur **Meiringspoort** en ervaar die ongelooflike mooi natuur van die **Swartberge**. Ons stap na die **waterval** en bewonder die mooi natuur. **De Rust** met sy aantreklike toeriste winkeltjies is die volgende bestemming. Hiervandaan ry ons tot by **Oudtshoorn** waar ons drie nagte oornag. **Aandete en oornag Oudtshoorn.**

MA 7 SEPT
Na ontbyt bring ons 'n besoek aan die **Kangogrotte**. Hierdie **merkwaardige ondergrondse skouspel van kleur en vorm** is oor 'n tydperk van **miljoene jare** geskep en 'n mens raak vervul met verwondering oor nog 'n pragtige stuk werk van die **Skepper**. Ons maak ook 'n draai by **Wilgewandel**, 'n oulike padstal waar daar heerlik gekuier en geëet kan word. Ons besoek ook 'n **volstruisplaas** waar ons meer leer oor volstruise en hulle dinge! **Aandete en oornag Oudtshoorn.**

DI 8 SEPT
Na ontbyt vertrek ons op 'n daguitstappie na **Gamkaskloof** of soos beter bekend **die Hel**. Ons vertrek vanaf Oudtshoorn en ry tot by die afdraaipad na Gamkaskloof! Die pad daarheen is besonders! Ons eet 'n ligte middagete (eie rekening) by die derde geslag van die eerste inwoners en hulle vertel ons hoe die mense in die **Gamkaskloof** geleef het! Hierna ry ons deur die kloof, oor die rivier tot by die **toerisme sentrum**. Ons keer terug na Oudtshoorn. **Aandete en oornag Oudtshoorn.**

WO 9 SEPT
Na onbyt vertrek ons vanaf Oudtshoorn en reis deur die **Outeniquapas** tot by George. Hier besoek ons die **Vervoermuseum** en doen 'n wonderlike rit op die **Outeniqua Power Van**. Ons maak ook 'n draai in **Mosselbaai** en besoek die pragtige **skulp museum** asook die **poskantoorboom, wat die eerste poskantoor in Suid Afrika was. Oppad na Knysna stop ons by Hartenbos en geniet die mooi omgewing. Aandete en oornag Knysna!**

DO 10 SEPT
Vandag doen ons 'n ongelooflike lekker daguitstappie na die **Featherbed Natuurreservaat.** Hierdie uitstappie sluit in: 'n rit met 'n boot tot by die reservaat, 'n rit met 'n trekker en sleepwa en tot bo op die koppie en 'n ongelooflike 4 gang middagete (ingesluit). Ons keer weer terug met die boot. **Aandete en oornag Knysna.**

VRY 11 SEPT
Na ontbyt ry ons in die rigting van **Plettenbergbaai** en ons gaan op 'n begeleide toer deur **Monkeyland**, waar baie **besondere ape** in 'n **natuurlike habitat** aangehou word. 'n Ervare toergids leer ons meer van die ape se gewoontes. Ons besoek ook **Birds of Eden** wat die grootste is in sy soort in Suid Afrika. Die volgende stop is by die **Bloukransbrug** waar die **hoogste rekspronge** gedoen word. **Die brug is 216 meter hoog en 415 meter lank.**Hiervandaan vertrek ons na **Port Elizabeth** wat die 5 de grootste metropool in Suid Afrika met die derde grootste hawe is. **Aandete en oornag Port Elizabeth**

SA 12 SEPT
Na 'n heerlike **ontbyt** vertrek ons na Uitenhageen daarvandaan tot by Graaff Reinet. In die namiddag ry ons deur hierdie **vierde oudste dorp** en ons doen ook 'n begeleide toer na die **Vallei van Verlatenheid**. Aandete en **Oornag Graaff Reinet.**

SO 13 SEPT
Na 'n heerlike ontbyt volg ons die pad na **Nieu-Betesda**, 'n klein dorp wat bekend is vir die **Uilhuis.** Ons besoek die **Uilhuis** en geniet middagete in een van die talle restaurante. Hierna reis ons na **Middelburg, aandete en oornag Middelburg.**

MA 14 SEPT
Vroegoggend eet ons ontbyt en vertrek op ons laaste skof deur **Colesberg, Bloemfontein en Kroonstad** terug na Pretoria met **wonderlike herinneringe aan al die mooi natuur en al die hoogtepunte op die toer!**

TUINROETE			5 – 14 SEP 2020	
Deposito	Prys	Enkelbybetaling	Vertrek om	Opklimpunt
R2000	R13125	R1850	06:00	Garden Court Hotel
Bankbesonderhede		• Rekening naam: AMT • Bank naam: FNB Tjekrekening • Rekening nr: 626 168 615 07 • Takkode: 254 005		

Verwysingsnommer	• Gebruik asb die volgende verwysingsnommer: • TUIN gevolg deur u van [bv TUIN-Pieterse]
Kontant inbetalings	GEEN KONTANT INBETALINGS WORD AANVAAR NIE • Epos bewys van betaling en voltooide besprekingsvorm na info@minnaartoere.co.za of faks na 086 497 1243 met u naam en van, toernaam waarvoor betaling gedoen is.
Deposito	• Deposito van R2000 betaalbaar met bespreking. • Die balans is betaalbaar 45 dae voor die toer se vertrekdatum.
Toerprys sluit in	• Vervoer in luukse bus • Goeie akkommodasie • Twee etes daagliks - ontbyt en aandete • Toegangsgelde
Toerprys sluit uit	• Uitgawes van persoonlike aard • Middagetes • R80 minimum bydrae vir busbestuurder • R80 vir bagasie hantering
Belangrik	• Alle roetes, busse, toerpryse en datums van toere en uitstappies is onderhewig aan verandering. Die moontlikheid bestaan dat die prys aangepas kan word agv verhoogde brandstof prys.

HOOP ONS SIEN U OP DIE TOER!